

Beste kollega

Personeel het vanaf 11 Desember 2015 tot 15 Januarie 2016 geleentheid om die komponente van hul koste van indiensname, soos dit vanaf Januarie 2016 sal geld, op die tersaaklike webblad te hersien. (Teken aan op SUN-e-HR "Employee Self-Service" en klik op pakketstrukturering.) Wanneer u die komponensamestelling op die webblad aanvaar, en die Universiteit se gevolmagtigde aanvaar dit ook as toelaatbaar, sal dit beskou word as 'n geldige ooreenkoms deur albei partye ter aanvaarding van wysigings aan die strukturering. Indien u nalaat om die komponensamestelling via die intranet te aanvaar, sal daar aangeneem word dat u die vorige strukturering onveranderd aanvaar.

Die USAF-trusteeraad het gedurende 2014 besluit om die USAF-bydraekoers van alle werknemers wat tans 10% en 12,5% bydra, vanaf Januarie 2016 outomaties tot 12,5% en 15% onderskeidelik te verhoog. Indien u egter voor 1 Julie 2014 aangestel is, het u steeds die opsie om u huidige bydraekoers te behou. Stuur 'n e-pos met u keuse aan Peter Kirsten ([pkirsten@sun.ac.za](mailto:pkirsten@sun.ac.za)). Vir die doeleinde van rekordhouding kan Menslike Hulpbronne slegs op skriftelike versoeke reageer.

Simeka het gedurende Oktober 2015 die mark vir die beste premies op groeplewens- en gadeversekering, ongeskiktheidsdekking en gade- en kinderpensioen getoets. In totaal gesien, kan dit vir werknemers 'n mate van besparing meebring. Die bevindinge van die marknavorsing word hieronder per voordeel toegelig.

### 1. Gade- en kinderpensioen

Huidige versekeraar:	Ou Mutual
Voordeel:	Gadepensioen (35% van pensioendraende vergoeding) en kinderpensioen (maksimum drie kinders, 10% van pensioendraende vergoeding), maar met minimum dekking van twee keer die jaarlikse pensioendraende vergoeding
Huidige tarief:	1,40% van pensioendraende vergoeding
Nuwe tarief:	1,48% van pensioendraende vergoeding

Maandelikse koste van die voordeel op grond van 'n pensioendraende vergoeding van R120 000 per jaar:

Huidige koste:	R140
Nuwe koste:	R148

### 2. Groeplewensversekering

Huidige versekeraar:	Ou Mutual
Voordeel:	Vyf maal die pensioendraende vergoeding
Huidige tarief:	R0,289 per R1 000 dekking (lede van 65 jaar en jonger)
Nuwe tarief:	R0,270 per R1 000 dekking (lede van 65 jaar en jonger)

Maandelikse koste van voordeel op grond van 'n pensioendraende vergoeding van R120 000 per jaar vir lede van 65 jaar en jonger:

Huidige koste: R173  
Nuwe koste: R162

### 3. Ongeskiktheidsdekking

Huidige versekeraar: Capital Alliance  
Voordeel: 75% van koste van indiensname, met 'n wagtydperk van drie maande  
Huidige tarief: 0,390% van pensioendraende vergoeding  
Nuwe tarief: 0,476% van pensioendraende vergoeding

Die onderskrywer van dié voordeel skuif vanaf 1 Januarie 2016 na Ou Mutual.  
Maandelikse koste van voordeel op grond van 'n pensioendraende vergoeding van R120 000 per jaar:

Huidige koste: R39  
Nuwe koste: R48

### 4. Gadeversekering

Huidige versekeraar: Ou Mutual  
Voordeel: Twee maal die pensioendraende vergoeding  
Huidige tarief: R0,275 per R1 000 dekking  
Nuwe tarief: R0,160 per R1 000 dekking

Maandelikse koste van voordeel op grond van 'n pensioendraende vergoeding van R120 000 per jaar:

Huidige koste: R66  
Nuwe koste: R38

Versprei asseblief hierdie kennisgewing aan alle personeel in u afdeling wat nie toegang tot elektroniese kommunikasie het nie.

Vir enige navrae, kontak gerus die Menslike Hulpbronne-kliëntedienssentrum by 021 808 4207 of [sun-e-hr@sun.ac.za](mailto:sun-e-hr@sun.ac.za).